

November/  
Desember  
2011



# SKANUUS

## vir die NOORD-KAAP

## Al haar paaie lei na MeerKAT

Op die oog af mag Tracy Cheetham dalk klein lyk, maar sy maak 'n formidabele bydrae tot Suid-Afrika se SKA-projek. Tracy is verantwoordelik vir die ontwerp en aflewering van al die infrastruktuur wat nodig vir KAT-7, MeerKAT, CBASS en PAPER. Sy moet dus sorg dat al die paaie, optiese-vesel-netwerke, kragtoevoer, teleskoopfondasies en geboue betyds en binne begroting afgelewer word.

Tracy is in Kimberley gebore, maar het haar skool- en studentejare in Port Elizabeth deurgebring. Sy het argitektuur studeer en haar nagraadse studies – in Swede – het op infrastruktuur en omgewingsbestuur gefokus. Vandat sy in 2007 by SKA Suid-Afrika aangesluit het, is haar kantoor in Johannesburg, maar sy is 'n bekende gesig op die teleskoopterrein naby Carnarvon.

Een van die groot projekte wat haar span onlangs afgehandel het, is die installasie van 'n langafstand-netwerk tussen die Karoo-terrein en Kaapstad, wat sorg vir 'n 10 Gbps dataskakel vir die MeerKAT-teleskoop. "Ons is ook pas klaar met die gedetailleerde ontwerp van al die infrastruktuur vir MeerKAT en is tans besig om tenderuitnodigings voor te berei," verduidelik sy.

Vir Tracy is spanwerk en kommunikasie die sleutels tot sukses in so 'n groot projek, asook 'n goeie dosis deur-



"Elke keer as ek die terrein besoek, onthou ek hoe dit in 2008 gelyk het – kaal en leeg – dan voel ek baie trots op alles wat ons span tot dusver bereik het," sê Tracy Cheetham, infrastruktuurbestuurder by SKA Suid-Afrika.

settingsvermoë. "n Mens moet dit ook geniet," glo sy. "Sonder 'n bietjie pret nou en dan sal mens nie so 'n groot en veeleisende projek kan oorleef nie!"

"Die jaar wat voorlê gaan baie hoogtepunte oplewer – want ons gaan begin om MeerKAT se infrastruktuur te bou en die SKA-bod gaan aangekondig word!"



### My kuier by KAT-7

Elsabe Brits, *Die Burgerse* wetenskapjoernalis, was onlangs by die MeerKAT en KAT-7 terrein buite Carnarvon. Brits

skryf al sedert 2006 in *Die Burger* oor die vordering wat SKA Suid-Afrika maak met sy onderskeie projekte. Sy gee haar indrukke:

Met my eerste besoek aan die terrein in 2006 was hier niks, die hele projek was net 'n idee. Vandag staan hier sewe gesofistikeerde teleskoopkottels wat Suid-Afrika self gebou het, asook verskeie geboue. 'n Mens kan nie help om te dink hoe dit sal lyk indien 3 000 skottel-antennas hier

– en oor buitestases oor Afrika – 'n werklikheid sou word nie – dit sal 'n ongelooflike gesig wees.

Persoonlik dink ek die hele land kan baat vind by die projek, nie net die Noord- en Wes-Kaap nie. Tegnologie sal plaaslik ontwikkel word – tegnologie wat dalk nog nie bestaan nie – en dit sal die land dwing tot innovasie en ontwikkeling. Daar behoort ook baie geleenthede vir plaaslike besighede te wees. Selfs net die bou van MeerKAT behoort reeds talle voordele en geleenthede te bied. Dit is 'n unieke voorbeeld waar wetenskap en ekonomie hande vat. Sodra die MeerKAT en die SKA begin werk, sal basiese vrae oor die wetenskap en die heelal beantwoord word wat nog vir dekades lank vir opwindende nuus kan sorg.

# Die span wat sorg dat alles glad verloop by KAT-7

'n Span van ses tegnisi sorg dat al die toerusting en netwerke op die Losberg-terrein, sowat 90 km noordwes van Carnarvon, deeglik onderhou word. "Ons het elkeen spesifieke take en vaardighede, maar ons werk nou saam en kan mekaar uithelp soos nodig", verduidelik André Walker, die enigste buitelanders in die span. Ontmoet hom en sy kollegas:

**Jasper** is op Carnarvon gebore. Ná opleiding en werk by Yskor, het hy teruggekeer Carnarvon toe waar hy 20 jaar lank as private elektriese kontrakteur gewerk het. Hy sorg vir die instandhouding en uitbreiding van kragnetwerke.

**Sibu** kom van die klein Oos-Kaapse dorpjie Mqanduli. Hy het in Oos-Londen studeer – elektroniese ingenieurswese – en werk nou as elektroniese tegnikus op die terrein. Hy sorg vir herstel, onderhoud en vervanging van elektroniese komponente op KAT-7.

**Matthys** het op Hartswater grootgeword en na skool 'n diploma in meganiese ingenieurswese by die dectydse Technikon Pretoria verwerf. Kort nadat hy by MMS Tegnologie begin werk het, het dié maatskappy die tender gekry om skottels vir KAT-7 te vervaardig. Tydens die oprigting van die skottels was Matthys MMS se projekteier op die terrein. Hy sorg deesdae vir die instandhouding van die skottels. Matthys en sy vrou woon nou permanent op Carnarvon.

**Siya** kom van King William's Town en het 'n diploma in elektriese ingenieurswese by PE Technikon verwerf. Vóór hy by die SKA-projek aangesluit het, het hy as radiotegnikus by die SA Polisiediens gewerk. Sy pligte behels die onderhoud van die teleskoopstelsel en om te sorg dat dit aan operasionele vereistes voldoen.

**Gerrit** het op Carnarvon die eerste lewenslig aanskou en op dié dorp skoolgegaan. Ná studies in Kaapstad het hy sy eie elektriese besigheid op Carnarvon bedryf en by Karoo Vleisboere Koöp gewerk. Daarna, by die SKA-projek, kyk hy na kommunikasie-stelsels, voertuie, kragopwekkers, lugversorgers en pompe.

**André** het in St Louis, Missouri (VSA) grootgeword. Sy ondervinding in radio- en mikrogolwe, asook sy kennis van satellietkommunikasie, is te danke aan ses jaar in die Amerikaanse lugmag en sy werksondervinding in Amerika en die Midde Ooste. Hy het sy vrou – 'n Suid-Afrikanaar – in Saoedi-Arabië ontmoet en saam met haar in Kaapstad kom woon, waarna hy by die SKA-projekspan aangesluit het.

Stuur gerus enige vrae of voorstelle vir "SKA Nuis vir die Noord-Kaap" aan **Pieter Snyman**. Skakel hom by **053 382 5905** gedurende kantoorure of stuur 'n epos aan **psnyman@ska.ac.za**

Van links na regs: Siya Tshongweni; Jasper Grobbelaar; André Walker; Gerrit Coreejes; Sibu Wakhaba en Matthys Maree.



**SKA NUUS**  
vir die NOORD-KAAP